## Salomon Pienaar

**Subject:** FW: Mokolo en Krokodil (Wes) Wateraanvullingsprojek: Besonderhede van geaffekteerde partye stroomaf van Mokolodam 11 Mei 2009

---

**From:** laba [mailto:laba@spiderconnect.co.za]
**Sent:** 19 September 2009 09:02
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** RE: Mokolo en Krokodil (Wes) Wateraanvullingsprojek: Besonderhede van geaffekteerde partye stroomaf van Mokolodam 11 Mei 2009

Die MBR is nie bekommerd oor die serwetute wat julle wil registreer om die lyn te bou nie maar wel oor die grote wat die pyplyn is dit is groter as julle kwota en gaan n invloed op ons he hoe gaan julle die boere vergoed? Dit is die antwoorde wat ons wil he voor julle die pyplyn bou.
Danlie Louis Loots

---

**From:** Salomon Pienaar [mailto:SalomonP@nemai.co.za]
**Sent:** Friday, September 18, 2009 9:39 AM
**To:** laba
**Cc:** Amelius Muller; Donavan Henning; Ilze Harmse; Fanie Vogel
**Subject:** RE: Mokolo en Krokodil (Wes) Wateraanvullingsprojek: Besonderhede van geaffekteerde partye stroomaf van Mokolodam 11 Mei 2009

Beste Louis,

Ons is tans nog besig met die samestelling van die Omvangsbepalings Verslae wat binnekort sal uitgaan vir publieke kommentaar, waartydens ons ook vergaderings/ opedae gaan reël om die verslae voor te bespreek.

Die idee is dan ook om weer 'n Forum vergadering te hou (dalk voor die genoemde vergaderings/ opedae) om dit in meer diepte met die lede van die Agri Gespreksforum te bespreek.

Ek weet ook dat Roland van Tonder 'n lys met vrae uitgestuur het waarop antwoorde gegee moet word vanaf die Departement. Die Departement is tans besig om die terugvoerings brief te finaliseer en behoort binnekort aan Roland van Tonder gestuur te word waarna ek glo dit ook bespreek sal word by die volgende forum.

Van ons (Nemai- Omgewings Impak Studie) kant af kan ek noem dat ons basies tot hede met al die direk geaffekteerde grondeienaars vergader het op semi een-tot-een vergaderings om die pyplyn dimensies, sewituut grote, impakte, ens in meer diepte met hulle te bespreek. Insae is ook in die verband vanaf die grondeienaars gekry en hulle het ook verdere alternatiewe roetes voorgestel vir die pyplyn roetes (Hoofsaaklik op Fase 2).

Die topografiese opnames is ook intussen gedoen waarna die projekspan meer duidelikheid kan kry oor waar presies die pyplyn gaan loop sowel as bv. die impak van die beplande Vlieëpoort stuwal.

Laat weet asseblief of daar enige spesifieke inligting is waarna u intussen verlang dan sal ek die versoek aanstuur na die relevante persone sou dit nie vir Nemai wees nie.

Groete
Salomon Pienaar

**Nemai Consulting**
Tel : (011) 781 1730
Fax : (011) 781 1731
Mobile: 073 183 1722
Email : salomonp@nemai.co.za
Address: 147 Bram Fisher Drive Ferndale, 2194
Postal Address: PO Box 1673, Sunninghill, 2157

---

**From:** laba [mailto:laba@spiderconnect.co.za]
**Sent:** 17 September 2009 20:16
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** RE: Mokolo en Krokodil (Wes) Wateraanvullingsprojek: Besonderhede van geaffekteerde partye stroomaf van Mokolodam 11 Mei 2009

Kan julle ons asb. In die prentjie bring met julle vordering met die pyplyne.

Die gevaar ligte is rooier as vroeer.

Groete Louis Loots ( MBR )